N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 8

20 Februarie 2022

God is oneindig

Oneindigheid is ‘n vreemde konsep. Wanneer ons dié woord hoor, dink ons gewoonlik aan die heelal; wetenskaplikes en sterrekundiges praat gewoonlik ook in hierdie terme. Daar is trouens duisende jare lank gedink dat die heelal oneindig is in dié sin dat dit nog altyd hier was. Wetenskaplik is dit nie meer die beskouing nie, weens die ontstaan van die Oerknalteorie in die 1950’s en 60’s. Vir die wat in die Bybel glo, is ‘n oneindige heelal belaglik. Dit is duidelik dat God dit geskape het, dus het dit ‘n begin gehad (Gen 1:1) en omdat dit geskape is, het dit ook perke.

Ons is sterflik

Die mens, soos met alles in die skepping, het ook ‘n begin gehad. Per definisie beteken dit dat ons sterflike, beperkte wesens is. Ons het lug, water en voedsel nodig om te bestaan; ons liggame word afgetakel, ons gaan agteruit, ons sterf. Niks hiervan is op God van toepassing nie. Ons het slaap nodig anders raak ons knorrig, omgekrap, denke nie helder nie en jy begin liggaamlik agteruitgaan.

God is onbeperk

Die Skrif sê oor God:”Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie”- Ps 121:3-4. Teoloë sê dikwels God is oneindig, wat beteken dat Hy onmeetbaar groot en sonder beperking is. Hoewel die Bybel nooit die word “oneindig” gebruik om God te beskryf nie, verwys dit na God op maniere wat hierdie begrip impliseer. God is bv onbeperk in terme van tyd, ruimte, krag en kennis.

Tyd en ruimte

Tyd en ruimte is kenmerke van ons heelal. Voordat God geskep het, het ruimte en tyd nie bestaan nie. Tyd en ruimte kan nie op God van toepassing wees nie, want dit sou beteken dat Hy daardeur beperk word.

God is ewig

God het nog altyd bestaan. Dit is waarom die Bybel sê dat Hy “van ewigheid tot ewigheid”is. Vir tyd en ruimte om geskep te word, moes daar iemand wees wat buite tyd en ruimte is – Ps 90:2. Die Bybel verwys op verskillende maniere na hierdie eienskap van God, soos “ewige God”, God se “ewige krag”, Sy “ewige voorneme” en God se “onsterflikheid” en “ewige mag”. Omdat God in ‘n ewige teenwoordigheid is, kan Hy na Homself verwys as “Ek Is”. Dit is net omdat God ewig is dat Hy ons die ewige lewe kan belowe – Joh 3:16. Is dit nie die hoop van elke gelowige wat in Christus Jesus glo nie? - Dr Victor Kuligin

Dankie!

Vir die voorreg in en deur Christus om die ewige God te kan leer ken!
Vir die oorvloedige reën oor groot dele van ons land!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – ons dank die Here dat sy nou in remissie is!
- Johan Kotze – vir volkome herstel.
- Carina Haasbroek – Ons dank die Here dat die behandeling hd week klaar is!
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Nadeleen de Gue – vir volkome herstel en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Simon de Beer – het beroerte gehad. Vir volkome herstel en genesing.
- Oom Kristo Serfontein – vir die Here se nabyheid.
- Oom Cedric Wiegand – Gaan vir knie operasie.
- Christelle du Toit – vir spoedige herstel na ooroperasie.
- Ons innige medelye met Daleen en Anton Prinsloo en familie met die afsterwe van Daleen se moeder.

Gedagte vir die week:

Vir die wat op God vertrou, beteken dit dat Hy altyd by ons is. Daar is geen duisternis waar God ons nie kan troos nie.

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org